

'n Reis vir Volgelingen

Deel 6 – 'n Dissipel word Gelykvormig aan Jesus

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

As jy terugdink oor die reeks van die afgelope 6 weke, wat het vir jou uitgestaan? Verduidelik jou antwoord.

Hoekom dink jy is dit gevaarlik om baie dinge van die Bybel te weet, maar dit nie te doen nie? Na watter "tipe" geloof lei dit? Wat is die uitwerking van 'n persoon wat alles weet, maar dit nie toepas nie?

Hoe sal jy geestelike groei definieer? Hoe dink jy meet 'n mens geestelike groei?

Wat is die gevaar as ons geestelike groei aan die verkeerde dinge meet?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Kolossense 3:9-10. In watter area van jou lewe ervaar jy het jy al verander na die beeld van Jesus? Hoe het dit jou gehelp om God beter te leer ken? Verduidelik.

2 Timoteus 3:16-17. Hoe gebruik God sy Woord om ons geestelik te laat groei?

2 Korintiërs 3:18. Hoe gebruik God sy Gees om ons geestelik te laat groei?

Spreek 27:17. Hoe gebruik God sy mense om ons geestelik te laat groei?

Hebreërs 12:1-2. Wat is dinge in jou lewe, wat nie noodwendig verkeerd is nie, maar wat jy ervaar moet jy uit jou lewe kry omdat dit nie help bou aan jou verhouding met Jesus nie? Laste wat ons moet afgooi?

Watter dinge blaas die vuur en passie vir Jesus in jou lewe aan? Hoe maak jy seker dat daardie dinge deel vorm van jou geestelike gewoontes?

Johannes 15:4-5. Hoe het jy al ervaar bring die Here vrug in jou lewe voort? Hoekom is dit belangrik dat ons nie geestelike groei aan "harder probeer" meet nie?

In die preek is genoem dat daar drie elemente nodig is vir ons geestelike groei: 1) God se Woord; 2) God se Gees en Teenwoordigheid; en 3) God se mense. Hoe maak jy seker dat hierdie drie dinge deel is van jou lewe? Watter van hierdie areas moet jy meer kweek?

In die preek is genoem dat net soos ons 3 dinge nodig het om fisies gesond te wees, is daar ook 3 dinge nodig is wat ons moet doen: 1) Bybelse dieet; 2) Oefen deur mense te dien en Jesus te deel met hulle; 3) Om te rus deur aanbidding en gebed. Hoe vorm hierdie deel van jou geestelike lewe? Verduidelik.

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy teruggink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waarvoor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.